Saaityd-Projek!
Wat is op JOU WENAKKER?

Lev 19:9 praat van 'n wenakker: "*Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie."*
Hierdie ekstra koring moet op die land agterbly sodat die vreemdelinge, weduwees en weeskinders die are kan optel en kos het om te eet. Die **wenakker-**beginsel is God se manier om vir die behoeftiges te sorg. Jy saai dalk nie koring nie, maar die vraag is wat is in jou WENAKKER? Wat het jy waarmee jy behoeftige mense kan help?



Vanaf **7 November tot 5 Desember 2021** is daar geleentheid in La Rochelle Gemeente waar jy dit wat in jou WENAKKER is na die gemeente se WENAKKER kan bring sodat ons behoeftige mense kan help. Ons wil jou dus vra om by te dra uit jou WENAKKER vir onderstaande instansies soos wat die Here jou lei. Inkopiesakkies met behoeftelyste is by die kerkkantoor en eredienste beskikbaar. Die items kan in die **WENAKKER** op die liturgiese ruimte in die kerkgebou geplaas word.

1. **ALTA DU TOIT-NASORGSENTRUM**
   Die Alta du Toit-nasorgsentrum bied 'n ondersteunende en verrykende omgewing waar persone met leer en fisiese gestremdhede se potensiaal optimaal ontwikkel word. **Wenslysie vir Kersfees ± 150**: pakkie koekies, kits-cappucino-sakkies (Hugg-in-a-Mugg).

2. **LUCKY LUCY FOUNDATION**
   Die Lucky Lucy Foundation is 'n nie-winsgewende, dierewelsynorganisasie wat daagliks veg teen oorbevolking, mishandeling en verwaarlosing van diere – veral honde en katte. Hulle is geleë op 'n plaas naby Malmesbury waar hulle tans omsien na 165 honde en 341 katte. Hulle reik ook gereeld uit na troeteldiere op die plase in die omgewing en verskaf mediese hulp aan diere wie se eienaars nie toegang het tot veeartse nie.

   Honde: Droë kos (Montego, Vitagen, Bob Martin, Complete), Blikkies kos (enige soort), Groot metaal kosbakke, Halsbande en leibande (medium tot groot honed), F10 hondesjampoe, Front line sproei vir vlooie en bosluise
   "Fleece" komberse.
   Katte: Droë kos (Friskies, Whiskas, Hill's, Montego, Royal Canin), Nat kos (blikkies/sakkies – enige soort), Katsand, Sandbakke, Frontline sproei vir vlooie en bosluise, "Fleece" kombersies.

3. **BEDERF 'n OUPA EN OUMA**

As hoë-risikogroep tydens die Covid-19 pandemie, wat baie tyd van vriende en familie moes inboet gedurende die inperking, verdien ons seniors om bietjie bederf te word!
Wenslysie vir kersfees: seep, lyfroom, waslap, koekies/beskuit, sjokolade, suiglekkers.

4. **STIKLAND SAAL 6 & 7**

Saal 6 en 7 is sale by Stikland Hospitaal waarin slegs dames gehuisves word. Die pasiënte het almal versorging nodig as gevolg van hul onderskeie geestestoestande. Pasiënte bly tussen 6 weke en 'n paar maande in die saal, maar die sale is altyd vol aangesien daar waglyste is om opgeneem te word. Pasiënte kom meestal uit laer inkomste groepe en daarom sal enige hulp baie waardeer word.
Behoeftelys ± 65 pasiënte: lekkergoed, skyfies, lyfroom, lyfsproei.

5. **HUIS MILES BOWKER**

Stikland Hospitaal se Huis Miles Bowker bied tans 'n veilige vesting vir ± 60 pasiënte. Hulle het voltydse toesig nodig. Die inwoners van Huis Miles Bowker lei almal aan 'n geestesgesondheidsafwyking. Die personeel en vrywilligers poog om ten alle tye die pasiënte se menswaardigheid en lewensstandaard te verbeter. Ons gemeente se jaarlikse uitreik maak 'n groot verskil in die lewens van hierdie mense wat somtyds werklik niks meer besit as die klere wat hul aan het nie.
Behoeftelys: seep, sjampoe, tandepasta, tandeborsels, waslappies, goeie 2 de handse handdoeke, sagte skyfies, koekies.

6. **VGK DELFT**

Ons gemeente is al vir jare betrokke by VGK Delft gemeente. Daar is tans ongeveer 50 gesinne in die gemeente met groot behoeftes aan kos as gevolg van werkloosheid en armoede.
Behoeftelys (klein hoeveelhede van): suiker, koffie, tee, pasta, koekmeel, sonneblomolie, rys, blikkies tamatievis, blikkies boeliebief, boksie melk, margarien, sopmengsel, lensies.

7. **MANNA EN KWARTELS (HOËRSKOOL BELLVILLE)**

Manna en Kwartels is 'n voedsel projek wat poog om gesinne, wat weens Covid 'n finansiële verlies ly of 'n behoefte het aan voedsel sekuriteit, by te staan. Om en by 20 gesinne word weekliks met 'n ruim versorgingspakkie voorsien. Hierdie pakkies word elke Donderdag by al 20 gesinne se huise afgelewer.
Behoeftelys: tandepaste, seep, shampoo, tandeborsels, waslappe, pasta, sop, tee, suiker, melk, vars vrugte en groente, koffie, koekmeelblom, olie, rys en grondboontjie-botter.

8. **LA ROCHELLE GEMEENTE – KERSPAKKIE-PROJEK**

Ons gemeente ondersteun verskeie gesinne wat finansieel swaar kry met 'n maandelikse kospakkie en wil dit graag in Desember aanvul met 'n Kersfees-geskenkpakkie bestaande uit toiletware.
Behoeftelysie: waslap, seep, tandeborsel, tandepasta, reukweerder, sjampoe.

Baie dankie dat jy sal bydra uit jou WENAKKER!